

Sondag 30 Mei

Skrifgedeelte: Klaagliedere
3:21-33

Fokusgedeelte: Klaagliedere
3:24 (1983-vertaling)

Die Here is my lewe!

Lees mens hierdie hele hoofstuk, dan staan jy verstom oor die rou eerlikheid waarmee Jeremia voor die Here te staan kom. Soms is ons bang om werklik met die Here te deel wat in ons harte aan die gang is, so asof God nie reeds weet wat ons dink en voel nie. So asof die Here nie begrip sal hê vir ons moeilike en soms uitmergelende omstandighede nie. Dit is egter duidelik dat Jeremia met groot vrymoedigheid by die Here kla oor sy omstandighede, swaarkry, hartseer en vrese – en ons behoort dit ook te doen.

Tog, in die paar verse wat ons saam gelees het, sien ons hoe Jeremia nie verblind word deur sy eie tranes nie. Ja, hy is eerlik daaroor, maar hy sien ook 'n ander werklikheid raak. Hy sien die werklikheid van die Here se troue liefde en goedheid raak. Hy sien raak dat God nie sal toelaat dat sy kinders vergaan nie. Hy sien raak dat God 'n einde aan beproewing maak en nie Hom verlekter in mense se seer nie. Hy sien raak dat God uiteindelik “*die kwaad sowel as die goeie tevoorskyn*” bring.

Om die balans tussen die werklikheid van ons omstandighede en die werklikheid van God se almag raak te sien, is dit nodig om Jeremia se voorbeeld in ons teksvers te volg: “*Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.*” Wanneer dinge moeilik gaan, herinner jouself dat hierdie lewe nie al is wat daar is nie! Herinner jouself dat ons lewe by God is. Herinner jouself dat God sy eie lewe gegee het, sodat ek en jy kan lewe! Dan kan ons opregte tranes hê, maar ook vasgryp aan die Here se troue liefde!

Sing: Psalm 42-1:1, 3

Ds. JG Tredoux (Jacques) (Pretoria-Brooklyn)